FABASA NUUSBRIEF

FABASA

Wat ons nalaat om vandag te doen is die pyn wat ons kinders môre sal dra

Legacy is not what I did for myself. It's what I'm doing for the next generation.

Vitor Belfort

Vermy Konflik deur 'n Familieonderneming-Grondwet

André Diederichs: Hoofsameroeper: FABASA

FAMILIEONDERNEMING WENKE

Om konflik te vermy, moet 'n familieonderneming 'n gesonde balans tussen die belange van die Besigheid en die Familie handhaaf. Indien nie, sal die Kain en Abel-verhaal voortgaan…

Die BESTE PRAKTYK om konflik te vermy is om 'n FAMILIEONDERNEMING-GRONDWET saam te stel.

Die oorhoofse doelwit van 'n Familieonderneming-Grondwet is om 'n Gesonde Besigheid en Harmonie in die Familie te verseker.

Dink aan 'n familieonderneming as 'n weegskaal met twee bakke. In die een Bak is die Familie & en in die ander Bak is die Besigheid. As daardie bakke ongelyk hang, sal konflik volg.

TWEE DINGE OM TE VERMY

1. Indien die Familieonderneming-eienaar uitsluitlik op die sukses van die sakeonderneming fokus, tot nadeel van die familie, is die kanse goed dat die kinders, as potensiële opvolgers, dit sal vermy om by die sakeonderneming betrokke te raak en eerder geleenthede elders soek.

2. Die teenoorgestelde is ook waar. As 'n Familieonderneming-eienaar uitsluitlik daarop fokus om die kinders, as potensiële opvolgers, gelukkig te hou tot nadeel van die sakeonderneming, sal die besigheid misluk.

Die oplossing is om 'n Familieonderneming-Grondwet te skep wat 'n Gesonde Besigheid verseker terwyl Familie Harmonie gehandhaaf word.

Duidelike Visie

Die Grondwet begin met 'n visie. Om 'n gesonde balans tussen die belange van die besigheid en die familie te verseker, moet die familie- en sake-visie geïntegreer word. Dit is wys om die bestaande en die inkomende generasie by die samestelling van die visie te betrek om te verseker dat konsensus oor die visie bereik word.

Waardes

Die gemiddelde lewensduur van besighede in die wêreld is 25 jaar. In my boek, *Leierskapswaardes:*

Wysheid uit die Planteryk, het ek met familie-ondernemings gekommunikeer wat vir etlike eeue oorleef het om uit te vind hoe hulle vir soveel generasies oorleef het.

Die oudste familieonderneming met wie ek gekommunikeer het, was Kong Gumi van Japan. Hierdie familieonderneming is in 578 A.D. gestig! Boplaas 1743 is die oudste familieonderneming in Suid-Afrika.

Die antwoord op hul volhoubaarheid is bloot WAARDES. Waardes wat hulle van geslag tot geslag by hul kinders inprent. Dit bepaal hoe hulle sake doen en is ononderhandelbaar.

Die Grondwet is die kompas van waardes en riglyne wat die familie en sakeonderneming se gedragskode bepaal.

Besluite wat familieondernemings neem is gebaseer op hul begrip van waardes wat dan as eties of oneties in die mark beoordeel word. Die essensie van etiek is die keuse tussen reg en verkeerd. Keuses tussen reg en verkeerd is gebaseer op dit wat die familieonderneming en/of gemeenskap glo reg of verkeerd is.

Reg of verkeerd is weer gebaseer op die familie of gemeenskap se waardestelsel.

Dit is belangrik dat 'n familieonderneming konsensus bereik oor inherente waardes en dat die waardes waaroor hulle saamstem dan konsekwent toegepas word en die maatstaf word waarteen alle besluite en gedrag beoordeel word.

Waardes moet vir jou 'n persoonlike oortuiging wees om te verseker dat dit gehandhaaf word. Die samelewing kan byvoorbeeld voorskryf dat dit minder spanning skep om nie waardes op ’n spesifieke geloof te baseer nie, terwyl jy dalk glo dat jou geloof die sentrale basis vir jou persoonlike waardesisteem vorm.

ANDER ASPEKTE

Die Grondwet spreek verskeie ander aspekte aan, soos Reëls vir Opvolging (Leierskapoorgang), en Reëls vir Eienaarskap. Werknemersbeleid en Vergoeding, Kommunikasiebeleid ens.

AFSLUITING

Regverdigheid in 'n familieonderneming is noodsaaklik om konflik te vermy.

C.J. Langenhoven het tereg gesê: "Niks is ooit finaal besleg wat nie regverdig besleg is nie."

Regverdigheid, soos baie ander belangrike lewenslesse, moet geleer word. 'n Lewensles het 'n eienaardige en irriterende manier om homself te herhaal totdat dit aangeleer en toegepas word.

Daar is niks wat mense meer ontevrede en opstandig kan maak as die gevoel dat hulle onregverdig behandel word nie. Dit is die ondertoon van byna alle rewolusies wat ons in die wêreld beleef het. Dit kan ook 'n rewolusie binne 'n familieonderneming veroorsaak as 'n gesonde balans tussen die belange van die besigheid en die belange van die familie nie gehandhaaf word nie.

’n Gebrek aan regverdigheid kan ook lei tot ongesonde wedywering tussen broers en susters. Professor Shelley Farrington van NMMU sê: “The ‘baggage’ that brothers and sisters bring to the workplace, as a result of having grown up together, is probably the biggest challenge they face.

Feelings of envy, preconceived ideas about one another and misunderstandings from childhood can interfere with their business relationships.

For example, children assume certain roles in families and as a result obtain certain labels, such as the ‘black sheep’ or the ‘oldest’.”

Moenie nalaat om 'n FAMILIEONDERNEMING-GRONDWET te skep nie.

Dit is die KOSBAARSTE NALATENSKAP wat jy kan agterlaat om te verseker dat die Familieonderneming volhoubaar deur die generasies sal voortbestaan.

ONTHOU: Wat jy nalaat om vandag te doen, is die pyn wat jou kinders môre sal dra.

Vir hulp met 'n Professionele FAMILIEONDERNEMING-GRONDWET kontak FABASA by

info@fabasa.co.za

of skakel 082 453 3288

Om die boek NALATENSKAP te bekom besoek: https://naledi.co.za/product/nalatenskap/

Of kontak vir Tertia per WhatsApp by 078 648 8616